NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

04 Maart 2022: Nr 08/2022

Warmnuus

Daar was in die afgelope tyd gesprekke met Bestmed oor dienslewering. Die gevolg daarvan is dat lede van Bestmed van 1 Maart af addisioneel tot die direkte toegang tot Bestmed om oor mediese sake navraag te doen of te onderhandel, ook toegang het tot 'n tussenganger, Alexander Forbes. Daar sal geen ekstra koste vir lede wees indien hulle van hierdie diens gebruik sou maak nie. Volledige inligting sal binnekort deur Alexander Forbes aan lede deurgegee word.

Sinodenuus

Tekslees met 'n verskil

Datum: *08 Maart*
Skriflesing: **Lk 13:31-35**
Kontak Fanie Cronjé (083 415 1452) of Kobus Myburgh (083 227 7185).
Zoom Meeting: Kliek hier; **Meeting ID**: 921 9767 1478; **Password**:453371

Kollega- en ander personeelnuus

Innige simpatie

Pieter van Deventer [Emeritus en vroeër gekoppel aan Skanskop as kapelaan, asook pastoraal betrokke by Villieria] is op Donderdag *24 Februarie* oorlede. Sy begrafnis vind op 8 Maart om 12:00 by NG Villieria plaas.

Beroepe/Bevestigings

<<< **Nicole Hamman-Forrest** word op *6 Maart* in Waterkloofrif bevestig en sy lewer ook haar intreepreek.

>>> **Sampie Niemand** is as Brugleraar na *Môregloed* beroep.

<<< **Marco la Grange** het die beroep na *Lux Mundi* aanvaar.

>>> **Riaan Steyn** [Beroepbaar en vroeër leraar van Rustenburg-Suid] is benoem as PSD [Predikant in Sinodale Diens] van die Sinode van Noord-Kaapland.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar ...

07/03 Deon Haumann [Emeritus]
Dewald Roux [Vorentoe]
09/03 Jacques Myburgh [Noordoos-Pretoria]
Charlotte Sibanyoni [Universiteitsoord]

08/03 Monique Tait [Eggenote van Leon Tait, Rietfontein-Suid]
11/03 Rina Moolman [Eggenote van Petrus Moolman, Emeritus]

Gemeentenuus

❖ Eeufeesvieringe

Warmbad

Warmbad is op *22 Maart* 100 jaar oud. Daar word op *27 Maart* 'n feesdiens gehou waarheen al die oud-leraars genooi word. Paul Grobler (Direkteur van die Noordelike Sinode) lei die erediens en Otto Clasen [huidige leraar] bedien die nagmaal. Daarna word daar heerlik saam gekuier.

Daspoort

Die vierde oudste gemeente in Pretoria het die afgelope naweek hulle verjaarsdag gevier.

❖ Markte/Basaars/Feeste

Monumentpark-Wes: Monwes Dorpsfees:
12 Maart [07:30-13:00]
Adres: Kalkoenstraat 38, Monumentpark
Navrae: 012 347 7536

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Kursusse/werkswinkels: Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za

Die jaar van God se genade - 'n Tweede van vanjaar se kreatiewe werkswinkels oor die viering van die kerklike jaar: **"Paastyd"** [Kliek hier vir die volledige inligting.]
Datum: *15 & 16 Maart*
Plek: Aanlynaanbieding; **VBO:** 20 punte
Aanbieder: André Bartlett
Sluitingsdatum: 11 Maart 2022; **Skakel om in te skryf:** https://forms.gle/F7KVq4mBGaDCaqya6

The State of your Church

A Free hosting webcast will be sharing more effective ways to measure what matters in your specific church ministry. There's still time to register and to invite you friends and colleagues. Register now!
This free training is an opportunity to learn not only from Barna Group, but an entire lineup of experts, including: *Andy Stanley*, *Bishop Claude Alexander*, *Ed Stetzer*, *Tara Beth Leach*, *Glenn Packiam*, *Scott Sauls*, *Jenni Wong Clayville*, *Randy Frazee*, *Savannah Kimberlin*, *Dr Peter Larson*.

❖ Hugenote Kollege

Uitvoerende kortkursusse van die Skool vir Sosiale Innovasie

Hier is 'n wonderlike geleentheid wat benut kan word [via Zoomsessies en selfstudie]. Dit is gratis en 'n belegging in vaardighede en kennis wat die kerk tot groot voordeel kan wees.
Inligting: Kliek hier. **Registrasie**: Kliek hier

❖ Op pad na Newelland

'n Pastorale reis met die Demensie (ook Alzheimer) geaffekteerde lidmaat en Huweliksmaatversorger

[Kliek hier vir die volledige inligting]
Aanbieder: (dr) Petrus Moolman
Datum: *14 Maart* [09:00-13:00]
Waar: NG Overkruin
VBO punte: 5 punte word toegeken.

Ander nuus

❖ LiG

LiG se herfs/Paasfees-uitgawe is tans op die winkelrakke. Musikant en TV-aanbieder Leah pryk op die voorblad en vertel haar storie. Die uitgawe is propvol wenke, raad en inspirasie. Kry tien idees hoe om Paasfees as 'n gesin te vier. Lees ook die interessante artikel oor gesprekke met jou dogter oor seks, geld en emosies. Vind uit waar jy hulp vir jou huwelik kan soek en hoe jy jou kind se geestelike woordeskat kan bou.

❖ Christelike Lektuurfonds (CLF)

Nuwe publikasies

"Ons sal sterwe, ons sal lewe – gedagtes oor verganklikheid en ewigheid", geskryf deur Johan Cilliers, is nou beskikbaar teen slegs R250. Koop dit aanlyn https://shop.clf.co.za/product/ons-sal-sterwe-ons-sal-lewe/ of stuur 'n e-pos na order@clf.co.za Kliek hier en lees meer oor die skrywer - https://clf.co.za/authors/prof-johan-cilliers/

"Anderkant twyfel – kreukelgedagtes oor lewe en dood", geskryf deur Johann Voges, is nou beskikbaar teen slegs R220. Die boek kan aanlyn gekoop word - https://shop.clf.co.za/product/anderkant-twyfel/ of stuur 'n e-pos na order@clf.co.za

❖ Vakatures

Kerkbode Vakatures: Kliek hier vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

Brits: Vastetermynpos vir leraar op 3 jaar kontrakbasis

Die gemeente bestaan uit 442 belydende en 132 dooplidmate. Hulle is een van drie NG Gemeentes op die dorp en bestaan uit uit dorps- en plaaslidmate. Brits is ongeveer 60 – 70 km vanaf Pretoria, Johannesburg en Rustenburg.
*Kliek hier vir die volledige advertensie.
Navrae: Kobus Mouton by 0828076071. Aansoeke moet nie later nie as *31 Maart* ingedien word.
Diensaanvaarding: So spoedig moontlik.

Krokodilrivier: Voltydse Leraar vir 'n onbepaalde termyn

Die gemeente bestaan sedert 1914 en het 'n baie mooi en ryk geskiedenis. Dit is een van drie NG gemeentes binne die dorpsgrense van Brits. Die dorp word omring deur 'n welvarende landbou-, nywerheids- en myngemeenskap. Binne die bedieningsveld van die gemeente is daar verskeie uitstekende laerskole en twee groot hoërskole; Hoërskool Wagos en Hoërskool Brits (nommer een in Noordwes Provinsie).

- Kliek hier vir die volledige besonderhede.
- Aansoeke moet vergesel word van 'n CV nie langer nie as twee A4-bladsye met drie verwysings.
- Rig alle aansoeke aan: kantoor@ngkrokodilrivier.co.za.
- Aansoeke sluit om 13h00 op *11 April 2022*.

❖ Hulp vir Lydenstyd

Gerhard Bothma het 'n hulpmiddel vir predikante beskikbaar. Dit dek die hele periode tot Psalmsondag, asook Groot/Heilige Week. Kontak hom by 082 412 3479 vir 'n pdf-kopie [R120 of 'n donasie].

Naskrif

Die personeel van die Sinodehuis het Aswoensdag gevier.